**18Januarie** **Daniël 5:1-7, 18-30**

**'n "Amen" van die hart**

Dwarsdeur die hele Bybel is daar oor een ding nooit twyfel nie: Ons moet gehoorsaam aan God wees. Vir 'n profeet van die Here sou 'n "amen van die hart" veel meer beteken het as 'n "applous met die hande" of menslike eer en belangrikheid. Belsasar was verwaand en 'n koning vol louter bravade. Maar as God se boodskap op die muur verskyn, dan verdwyn sy bravade en soek hy wanhopig iemand om die woorde te lees en te verklaar. Ongelukkig reageer hy in reaksie op die verklaring deur aan Daniël menslike eer en applous te gee. Eer en applous is nie die loon wat 'n gelowige gee of verwag in reaksie op God se boodskap nie. Daarom verklaar Daniël plegtig teenoor Belsasar dat alle skittering van goud en purper gewade aan 'n einde sal kom. As gelowiges kry ons die ewige lewe as beloning, maar nie as gevolg van ons eie werke of goeie reaksie nie, maar alleen omdat Jesus Christus dit verdien het aan die kruis. Die beloning maak die opdrag om met gehoorsaamheid en sekerheid op God se Woord te reageer, soveel noodsaakliker. Moenie van die vermaning van die Woord van die Here wegskram nie. Moenie toelaat dat die saad van die Woord op 'n klipharde hart val nie. Moenie elke Sondag maar net "applous" op die Woordverkondiging gee nie, maar reageer met 'n "amen", met oortuiging en gehoorsaamheid.

Sing: Psalm 119:2,33

Ds. J. Lion-Cachet (Port Elizabeth)